Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DINSDAG, 11 OKTOBER 2011 OM 09:20

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
rdl R F van der Westhuizen
rdl M van Zyl
rdl W Wilskut
Ander raadslede:
Rdh A Johnson
Rdl A C Sedeman

Beamptes:
Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 VOORLEGGING AANGAANDE DIE *EXPANDED PUBLIC WORKS PROGRAMME* (EPWP) DEUR DIE DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE (11/2/1)

Die voorsitter stel die afvaardiging van die Departement van Vervoer en Openbare Werke aan die komitee voor, waarna die voorlegging aangaande die EPWP-program deur me Cybil Müller hanteer word.

Me Müller noem dat die grootste leemte was dat munisipaliteite wel tydelike werksgeleenthede ingevolge die vereistes van die EPWP-program geskep het, maar dit nie aan die Departement gerapporteer het nie. Sodoende kon die teikens soos deur Nasionaal bepaal, nie bereik word nie. Dieselfde geld ten opsigte van insentiewe wat nie aan munisipaliteite oorgedra kon word nie, weens die gebrek aan rapportering teen die spertyd van 22 Oktober.

3.1/...

Me Müller erken verder dat daar onduidelikheid bestaan ten opsigte van die betaling van UIF aan tydelike werknemers. Sy noem dat dit die kontrakteur se verantwoordelikheid is om UIF te betaal, ten einde te verseker dat die persone 'n tydelike inkomste het nadat die projek afgehandel is en dat hierdie vereiste deel gemaak moet word van tenderdokumente.

Die Munisipale Bestuurder hou die volgende probleme voor wat met die EPWP-program ondervind word –

(1) gebrekkige koördinering en kommunikasie vanaf die Departement deurdat vergaderings op kort kennisgewing uitgestel en belê word en verteenwoordigers by munisipaliteite opdaag sonder 'n afspraak;
(2) daar nie terugvoering gebied word op korrespondensie van die munisipaliteit nie;
(3) betwisting van syfers van werksgeleenthede geskep. Die Munisipale Bestuurder verwys in hierdie verband na 'n verslag wat deur mnr V Theunnissen in Maart 2011 aan die distriksforum voorgelê was, waar Swartland Munisipaliteit reeds die teiken met 53 werksgeleenthede oorskry het;
(4) wie verantwoordelik is vir die kontrak en gepaardgaande betaling van die persoon wat die data moet vaslê en dat dit toekomstige beplanning betreffende die funksie belemmer.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat Swartland Munisipaliteit sy volle samewerking sal gee om die doelstellings van die EPWP-program te bereik ten opsigte van alle sektore, aangesien die LED-benadering ook hier van toepassing is en klem ook gelê word op sosiale inisiatiewe.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy misnoeë uit teenoor die beskuldigings van die Departement teenoor Swartland Munisipaliteit wat nie skuld het aan die onduidelikhede wat ten opsigte van die EPWP-program bestaan nie. In hierdie verband word spesifiek verwys na die betaling van UIF en wie daarvoor verantwoordelik is.

BESLUIT

(a) Dat 'n versoek tot die Departement van Vervoer en Openbare Werke gerig word om by die volgende Weskus Distriksforumvergadering verskoning aan te bied ten opsigte van die onduidelikhede wat heers rondom die betaling van UIF en dat Swartland Munisipaliteit onregmatig beskuldig is;

(b) Dat voldoening aan die EPWP-program deur munisipaliteite aan die Distriks-koördineringsforum (DCF) gerapporteer word ten einde die munisipaliteite deur middel van die Munisipale Bestuurders en Uitvoerende Burgemeesters verantwoordelik te hou om verpligtinge ten opsigte van die program na te kom;

(c) Dat die protokol nie onderteken word, alvorens alle onduidelikhede ten opsigte van die EPWP-program uit die weg geruim is nie.

3.2 *MUNICIPAL INFRASTRUCTURE GRANT (MIG)* SPANDERING (5/9/2/6/1)

[Die Senior Bestuurder: mnr L D Zikmann woon die vergadering by vir die duur van die bespreking.]

Die Munisipale Bestuurder meld dat Swartland Munisipaliteit daarin kon slaag om sy MIG-toekenning in die 2011/2012 finansiële jaar ten volle aan te wend.

Die Departement van Plaaslike Regering het as erkenning van voormelde prestasie 'n sertifikaat aan die Senior Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L D Zikmann in hierdie verband oorhandig.

Die Munisipale Bestuurder noem verder dat die VALKE-eenheid die siviele departement besoek het aangaande die aanwending van MIG-fondse, en bedank mnr Zikmann vir die manier waarop met die fondse omgegaan word.

BESLUIT

Dat, op versoek van die Speaker, rdh A Johnson die sertifikaat ook tydens die raadsvergadering op 24 November 2011 voorgelê word.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU 15 SEPTEMBER 2011

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 15 September 2011 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 5 OKTOBER 2011

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 RDL C H H HUNSINGER: SALGA VERTEENWOORDIGER (3/3/1)

Rdl C H H Hunsinger is, voortspruitend uit sy verkiesing op die Provinsiale Uitvoerende Bestuurskomitee van SALGA, na verskeie ander komitees van SALGA aangewys, naamlik –

- *Provincial Chairperson: Municipal Infrastructure and Services Working Group*
- *SALGA National Municipal Infrastructure and Services Working Group*
- *Local Government Climate Change Champions Committee*
- *ProvCom.*

Rdl C H H Hunsinger is verder toegedeel aan die Weskusstreek en is versoek dat die Distrikskoördineringsforumvergaderings (DCF) ook deur hom bygewoon word.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die onderskeie komitees waartoe rdl C H H Hunsinger as verteenwoordiger van SALGA toegedeel is en dat rdl C H H Hunsinger sterkte toegewens word met die verpligtinge en verantwoordelikhede wat hierdie aanwysings meebring.

7.2 BENOEMING VAN KANDIDAAT OM OP DISTRIKSGESONDHEIDSRAAD TE DIEN (1/1/1/83)

Die Departement van Gesondheid beoog om 'n Distriksgesondheidsraad vir elke munisipale distrik in die Wes-Kaap tot stand te bring.

7.2/...

Die doel van die Distriksgesondheidsraad is onder andere, om samewerkende regering te bevorder en om die beplanning, voorsiening en monitering van gesondheidsdienste in die distrik te koördineer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat rdl M S I Goliath deur die Uitvoerende Burgemeester benoem is om op die Distriksgesondheidsraad van die Weskus te dien;

(b) Dat die nominasievorm van rdl Goliath reeds aan die Departement van Gesondheid voorsien is ten einde by die sperdatum te hou en dat die aksie van die Uitvoerende Burgemeester dus hiermee gekondoneer word.

7.3 AANWYS VAN MUNISIPALE BESTUURDER AS VOORSITTER VAN DIE "MM"-FORUM (11/1/2/31)

Die drie sfere van regering moet ingevolge die *Intergovernmental Relations Framework Act* (IGRFA) meganismes ontwikkel om mekaar te konsulteer oor gemeenskapslike sake, maar ook aangaande die effektiewe aanwending van hulpbronne om dienslewering te optimaliseer.

Die onderskeie strukture wat onder leiding van die Premier se kantoor en die Minister van Plaaslike Regering gevestig is, word in die verslag tot die sakelys uiteengesit.

Een van hierdie strukture is die Munisipale Bestuurdersforum ("MM"-forum) waar munisipale bestuurders bymekaar kom om munisipale verwante sake te bespreek. Provinsie, asook SALGA vorm deel van die "MM"-forum.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die aanwys van die Munisipale Bestuurder as Voorsitter van die Wes-Kaapse "MM"-forum;

(b) Dat verder kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder as Voorsitter van die "MM"-forum meer dikwels betrokke gaan wees met Provinsie en dies meer en dat aldus goedkeuring verleen word vir die bywoning van die addisionele aktiwiteite wat daaruit mag voortspruit.

7.4 MUNISIPALE BESTUURDER: AANSOEK OM VERLOF (P/, 4/8/3)

Die bepaling is dat die Munisipale Bestuurder by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aansoek om verlof moet doen.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se handeling ten opsigte van die toestaan van verlof op 30 September 2011 aan die Munisipale Bestuurder;

(b) Dat verder kennis geneem word dat die te boekstelling van die verlof reeds op 28 September 2011 op collaborator gedoen is.

7.5 OORSIG ROL VAN DIE RAAD/UITVOERENDE BURGEMEESTER TEN OPSIGTE VAN VERKRYGINGSPROSEDURES (5/15/1/1/1)

Die *Supply Chain Management*-regulasies (artikel 6) bepaal dat daar op 'n kwartaallikse basis verslag gedoen moet word aan die Uitvoerende Burgemeester aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

BESLUIT/...

7.5/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die werksaamhede van die Voorsieningskanaalbestuursafdeling ten opsigte van die tydperk 1 Julie 2011 tot 30 September 2011, welke verslagdoening ingevolge artikel 6 van die *Supply Chain Management*-regulasies gedoen word.

7.6 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: TELEFOON-BEHEERSTELSEL (6/2/2/3)

Swartland Munisipaliteit huur tans toerusting van *WC Communications* wat Darling en Yzerfontein se bestaande telefoonstelsels koppel aan die hooftelefoonstelsel in Malmesbury. *WC Communications* het op 30 Junie kennis gegee dat die toerusting vanaf 1 Augustus 2011 nie meer vir verhuring beskikbaar is nie.

Die gevolg hiervan is dat Darling en Yzerfontein slegs deur direkte Telkom-nommers bereikbaar sal wees en geen interne oproepe deurgeskakel of gemaak sal kan word nie. Indien die publiek na-ure skakel na die direkte Telkom-nommers in die betrokke dorp, sal dit nie outomaties deurgeskakel kan word na die nooddienste nommer nie.

Verder het weerlig die telefoonstelsel in Malmesbury op 16 Junie 2011 beskadig. *Nashua Communications* wat onlangs per tender aangestel is vir die onderhoud en instandhouding van die munisipaliteit se telefoonstelsels, het bevestig dat die Proteus-telefoonbeheerstelsel die enigste stelsel is wat begrotingsbeheer op die Siemens-telefoonstelsel kan toepas.

BESLUIT

(a) Dat die goedkeuring wat deur die Munisipale Bestuurder gegee is om van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures af te wyk in die verkryging van harde- en sagteware ten einde ‘n effektiewe en gesentraliseerde telefoonbeheerstelsel te implementeer, gekondoneer word;

(b) Dat kennis geneem word dat afwyking van die verkrygingsprosedures genoodsaak is omrede –
   (i) die onderbreking in kommunikasie met Darling en Yzerfontein, veral na-ure wanneer die publiek nie verbinding met die bystanddiens sou gehad het nie, as ‘n noodgeval beskou is;
   (ii) die opgradering/herstel van die bestaande MAN3000-stelsel nie as wenslik beskou word nie, weens die kostes en die feit dat hierdie stelsel nie begrotingsbeheer toelaat nie. Tans word geen oproepe in die Malmesbury-kantoor te boek gestel nie, wat ‘n koste implikasie het vir die Raad;

(c) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is om die uitgawe te finansier en dat die volgende poste gedebiteer word met die uitgawe – posnommers 168065197100 (R161 000,00) en 168065197150 (R78 000,00);

(d) Dat daar in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuurstelsel, opdrag gegee word om bovermelde redes as nota in die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.7 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: VOORGESTELDE HARDEWARE VERSKAFFER VIR TELEFOONSTELSEL (6/2/2/3)

Nashua Communications is per tender aangestel vir die tydperk 1 Augustus 2011 tot 30 Junie 2014 om die dienskontrak ten opsigte van die munisipaliteit se telefoonstelsel te behartig.

Die diensverskaffer is verantwoordelik vir die programmering, integrasie en onderhoud op hardeware van alle Siemens-telefoonstelsels van die munisipaliteit. Nuwe toerusting sal dus van tyd tot tyd aangeskaf word soos wat die behoeftes van die munisipaliteit toeneem.

Die aangeleentheid is ook op ‘n Rekenaarkomitee gehou op 30 September 2011 bespreek.

7.7/...

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die voorsiening van gepaardgaande hardeware vir die telefoonstelsels van Swartland Munisipaliteit, deur sodanige toerusting vir die tydperk 1 Augustus 2011 tot 30 Junie 2014 vanaf *Nashua Communications* aan te koop, bruikhuur of huur, vir die volgende redes –

(i) die kontrak vir die instandhouding en bedryf van die telefoonstelsels is aan *Nashua Communications* deur middel van 'n formele tenderproses vir die tydperk 1 Augustus 2011 tot 30 Junie 2014 toegeken;

(ii) dit onprakties sou wees indien die toerusting deur ander leweransiers voorsien word, aangesien dit ten volle koppelbaar en versoenbaar moet wees met die bestaande toerusting waarvan *Nashua Communications* die plaaslike agent is. Verder sal die waarborge vir sodanige toerusting ook in gedrang wees en die verdeling van verantwoordelikhede sal 'n onaanvaarbare tegniese risiko meebring;

(b) Dat, ten einde te verseker dat die gepaardgaande hardeware bekom word teen billike en markverwante pryse wat vergelykbaar is met soortgelyke toerusting wat beskikbaar is, moet die IT-bestuurder elke kwotasie evalueer en bevestig dat die prys billik, markverwant en volgens standaard is, voordat 'n bestelling geplaas word. Die IT-bestuurder kan in oorlegpleging met die Voorsieningskanaalbestuurder met die leweransier onderhandel indien die kwotasie nie aanvaarbaar is nie;

(c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van klousule 36 (2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die finansiële state in te sluit wanneer dit opgestel word;

(d) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aksie van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures kondoneer.

7.8 VERLENGING VAN DIE KONTRAK MET *BELSTOW TECHNOLOGIES* (T30/07/08) AS VERSKAFFER VAN SPOEDWETSTOEPASSING EN "BACK OFFICE" DIENSTE (8/2/2/1)

Belstow Technologies is deur middel van 'n tenderproses aangestel as diensverskaffer vir die voorsiening van 'n rooilig- en spoedbeheerstelsel, wat insluit die verskaffing van operasionele ondersteuning en instandhouding van die stelsel vir die tydperk 1 Desember 2008 tot 30 Junie 2011.

Weens verskeie redes, soos aangevoer in die verslag tot die sakelys, kon daar nie betyds op tender uitgegaan word nie, en is Knysna Munisipaliteit genader om van hul diensverskaffer se dienste gebruik te maak, wat ingevolge artikel 32 van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid wel toelaatbaar is. Die diensverskaffer wou egter afwyk van die tenderspesifikasies soos gestel in die kontrak met Knysna Munisipaliteit, en kon sy dienste dus nie bekom word nie.

BESLUIT

(a) Dat die administratiewe optrede om die ooreenkoms met *Belstow Technologies* vir 'n verdere termyn van twee jaar, dit is tot 30 Junie 2013 te verleng, deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gekondoneer word, onderhewig aan dieselfde terme en voorwaardes wat in die bestaande kontrak vervat is;

(b) Dat die verlenging van die ooreenkoms (en by implikasie die wysiging daarvan) ingevolge artikel 116(3) van die MFMA vir publieke vertoë in die media bekend gemaak word, en dat die Raad die verlenging daarvan op 24 November 2011 heroorweeg indien daar wesenlike besware ontvang sou word;

(c) Dat, alhoewel die diens moet voortgaan, kennis geneem word dat die Uitvoerende Burgemeester nie ten gunste is van die verlenging van die kontrak nie, weens die groot aantal uitstaande sake wat 'n refleksie mag wees op die bevoegdheid van die diensverskaffer.

7.9 NOTULES VAN TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERINGS (11/1/3/1/6)

Die notules van die afgelope tendertoekenningskomiteevergaderings is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die inhoud van die notules van die Tendertoekenningskomitee-vergaderings wat onderskeidelik op 28 Julie, 11 en 26 Augustus 2011 plaasgevind het.

7.10 KONSEP FINANSIËLE STATE 2010/2011 (5/1/2)

Die konsep finansiële state vir die 2010/2011 finansiële jaar is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die ongeouditeerde Finansiële State vir die 2010/2011 finansiële jaar;

(b) Dat die bydraes vir 2010/2011 soos volg goedgekeur word:

Kapitaalvervangingsfonds:	R 44 361 316
Voosiening vir slegte skuld:	R 1 434 133
Verlofgratifikasie:	R 864 756
Voorsiening vir langdiensbonus:	R 974 500
Voorsiening vir na-aftrede:	R 5 437 476

(c) Dat die begroting vir 2010/2011 soos volg gewysig word:

Bedryfsbegroting 2010/2011	R 373 067 703
Kapitaalbegroting 2010/2011	R 90 225 769
	R 463 293 472
Aansuiwerings Bedryfsbegroting 2010/2011	R 373 747 703
Aansuiwerings Kapitaalbegroting 2010/2011	R 89 545 769
	R 463 293 472

7.11 UITSTAANDE DEBITEURE: SEPTEMBER 2011 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van September 2011.

7.12 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Daar moet ingevolge die Batebestuursbeleid van die Raad op 'n maandelikse basis verslag gedoen word aangaande die stand van uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.13 BATES WAT NIE GEVIND KON WORD GEDURENDE DIE BATE OPNAME VAN DIE 2010/2011 FINANSIËLE JAAR NIE

Tydens die 2010/2011 bate opname kon 10 bates van die munisipaliteit nie gevind word nie, waarvan 8 as gesteelde items aangedui is en dienooreenkomstig by die versekeraars aangemeld is.

7.13/...

BESLUIT

Dat die vermiste items, soos vervat in die lys tot die sakelys, van die Raad se inventaris/ bateregister verwyder word.

7.14 ONTEVREDENHEID INSAKE HOË ELEKTRISITEITSTARIEWE: PROTEA WOONSTEL-BEWONERS / VERSOEK OM NOODSAAKLIKE HERSTELWERK AAN DIE 56 EN 96 WOONSTELLE (5/4/1/3, 17/4/1/2)

'n Skrywe is ontvang vanaf me N la Meyer van Proteawoonstel A3 waarin sy namens die inwoners van die woonstelle haar ontevredenheid uitspreek ten opsigte van die hoë elektrisiteitsverbruik.

Die Direkteur: Finansiële Dienste verduidelik in die verslag tot die sakelys, en ook bespreek tydens Bestuurspanvergaderings waarom die woonstelbewoners as hulpbehoewendes se elektrisiteitsverbruik op dieselfde basis bereken moet word as deernishuishoudings in laekoste behuisingsgebiede. Dit sal beteken dat die woonstelbewoners wat wel kwalifiseer na tarief 5 oorskakel, en nie 'n maandelikse heffing betaal nie, tans R106,57 (BTW uitgesluit).

'n Verdere ontevredenheid by woonstelbewoners is die toestand van die binnekant van die woonstelle. Daar is op bestuursvlak besluit om 'n opname te doen om slegs die mees noodsaaklike herstelwerke te bepaal.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat al die kwalifiserende inwoners van die 56 en 96 woonstelle na tarief 5 omgeskakel word met ingang van 1 November 2011;

(b) Dat kennis geneem word van die potensiële verlies aan inkomste van nagenoeg R148 604,10 per jaar indien al die verbruikers 'n gemiddelde van 250 KWh per maand sou verbruik;

(c) Dat hierdie toegewing van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee slegs van toepassing is op die 56 en 96 woonstelbewoners, gebaseer op die kriteria vir 'n hulpbehoewende huishouding en dat enige ander versoek buiten hierdie, in terme van die Raad se Deernissubsidiebeleid hanteer sal word;

(d) Dat die Departement: Siviele Ingenieursdienste versoek word om 'n kosteberaming te doen van herstelwerk aan die mees noodsaaklike items en nadat voormelde syfer bekend is, die Bestuurspan besin of die uitgawe in die huidige finansiële jaar geakkommodeer kan word en deur middel van die Aansuiweringsbegroting goedgekeur word;

(e) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste 'n aanduiding moet gee – na bepaling van die omvang van die noodsaaklike items – of die department oor die nodige kapasiteit beskik om voormelde onderhoud, addisioneel tot hul jaarprogram, te kan voltooi;

(f) Dat die besluit met woonstelbewoners gekommunikeer word.

7.15 KOPPELING VAN WATERDRAENDE RIOOLSTELSEL AAN INTERNE NETWERK, ABBOTSDALE (16/3/3/1/2-1, 5/9/1/B)

Tydens 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 8 April 2011 is R3 000 000,00 (BTW uitgesluit) bewillig vir vermelde projek. Daar is verder versoek dat die projek teen einde Desember 2011 afgehandel moet wees, ten einde rioolheffings gelyktydig met ingang van 1 Januarie 2012 te doen.

Gegewe die omvang van die projek sal afhandeling eers teen April/Mei 2012 kan geskied.

BESLUIT/...

7.15/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die rioolopkoppelingsprojek in Abbotsdale nie teen einde Desember 2011 ten volle afgehandel sal wees nie;

(b) Dat die woonhuise wat teen einde Desember 2011 wel opgekoppel is, hetsy privaat of deur die Munisipaliteit met ingang van 1 Januarie 2012 vir riool gehef sal word;

(c) Dat soos die projek vorder, daar op 'n twee-weeklikse grondslag inligting aan die Direkteur: Finansiële Dienste voorsien sal word om heffings op daardie spesifieke erwe waar die opkoppelings voltooi is, te kan doen;

(d) Dat die vordering met die projek ingevolge paragraaf (c) deel gemaak word van die direktoraat siviele ingenieursdienste se maandverslag.

7.16 VOORGESTELDE HERSONERING VAN GEDEELTE 40 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 24) VAN DIE PLAAS YZERFONTEIN NO 560, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15) (WYK 5)

'n Aansoek is ontvang namens die eienaar, *Die Weyers Familie Trust*, vir die hersonering van gedeelte 40 ('n gedeelte van gedeelte 24) van Plaas 560 (groot 926m²) geleë oos van Buitenkantstraat, Yzerfontein vanaf residensiële sone V na sake sone II ten einde winkels op die perseel op te rig.

BESLUIT

Dat die aansoek om hersonering van gedeelte 40 ('n gedeelte van gedeelte 24) van Plaas 560 geleë te Yzerfontein, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf residensiële sone V na sakesone II goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die nodige bouplanne by die Departement Ontwikkelingsdienste vir oorweging ingedien word, alvorens daar met enige bouwerke 'n aanvang geneem mag word;

(b) dat die voorgestelde gebou sodanig ontwerp en beplan word ten einde die Yzerfontein-Weskus karakter te komplementeer;

(c) dat ten minste 19 op-perseel parkeerplekke voorsien word en dat die parkeerplekke voorsien word van 'n permanente stofvrye oppervlakte (hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal wat vooraf goedgekeur is deur Swartland Munisipaliteit) asook duidelik gemerk word in oorleg met die terreinplan gemerk "C";

(d) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n pro-rata finansiële bydrae (werklike koste) maak vir die opgradering van die Buitenkant/Hoofweg-interseksie, asook die opgradering van die Buitenkantstraat (in geheel) na 'n dubbelpad in beide rigtings van verkeer, soos bepaal deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste. Die beraamde koste vir die verbreding van Buitenkantstraat vir die Munisipaliteit is bepaal op R144 000,00 (die verbredeing van Buitenkantstraat is 'n toekomstige verpligting);

(e) dat 'n toegangspad (Gedeelte 38) na die voorgestelde ontwikkeling, tussen Gedeelte 40 en Gedeelte 28, deur Swartland Munisipaliteit gebou word sodat daar toegang sal wees vir vissersbote, ingesluit bote met die grootte normaalweg gebruik deur kommersiële vissermanne in Yzerfontein (beraamde koste is R122 000,00). Soos ooreengekom met die aansoeker sal die betrokke pad eers gebou word in die 2012/2013 finansiële jaar, wanneer die herseëlprogram van paaie in Yzerfontein 'n aanvang neem. Die toegangspad sal egter nou reeds tot op 'n tydelike gruisstandaard gebou word, soos ooreengekom met die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, sodat die ontwikkelaar geredelike toegang tot sy perseel kan kry vir die konstruksiefase (einde Oktober 2011) en implementeringsfase (einde April 2012);

7.16/...

(f) dat indien daar 'n septiese tenk op Gedeelte 38 geleë is, dit vervang sal word deur die Swartland Munisipaliteit wanneer Buitenkantstraat verbreed word (beraamde koste is R62 000,00);

A2 WATER

(a) dat die voorgestelde ontwikkeling van ‘n enkele wateraansluiting van nie groter nie 50mm voorsien word;

(b) dat die bestaande verspreidingsnetwerk uitgebrei word om die ontwikkeling van ‘n aansluiting te voorsien;

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar ‘n professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die uitbreidings aan die verspreidingsnetwerk. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring en die professionele persoon moet toesig hou oor die aanbring van die verspreidingsnetwerk;

A3 RIOOL

(a) dat die ontwikkeling voorsien word van 2 suigtenke elk met ’n minimum kapasiteit van 8 000 liter elk;

(b) dat die ontwikkelaar ‘n professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die suigtenke. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgeleê word en die professionele persoon moet toesig hou oor die aanbring van die suigtenke;

A4 STRATE EN STORMWATER

(a) dat alle stormwater vanaf die ontwikkeling ondergronds gevoer word tot die naaste geskikte munisipale versamelpunt;

(b) dat voorsiening gemaak word dat afloop vanaf die ontwikkeling nie bestaande stelsels sal oorlaai nie;

(c) dat die ontwikkelaar die voorgestelde ontwikkeling voorsien van ‘n ondergrondse stelsel wat vloedgroottes tot en met die 1:5 jaar vloed kan akkommodeer;

(d) dat die ontwikkelaar die voorgestelde ontwikkeling voorsien van bogrondse ontsnaproetes wat vloedgroottes tot en met die 1:50 jaar vloed kan akkommodeer;

(e) dat die parkeerareas en systraat aangrensend tot die erf voorsien word van permanente oppervlaktes;

(f) dat die ontwikkelaar ‘n professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die systraat, parkeerareas en stormwaterafvoerstelsel. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word en die professionele persoon moet toesig hou oor die aanbring van die interne pad, parkeerareas en stormwaterafvoerstelsel;

A5 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke besigheid gehef word, wat aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

(b) dat ‘n geboude vullisarea voorsien moet word wat voorsien is van skoon lopende water en ‘n vuilwater afvoerput wat aan die rioolstelsel gekoppel is;

(c) dat die vullisarea toeganklik moet wees vir ‘n 30ton vullisvragmotor en - werkers, maar ontoeganklik vir ongewenste diere en elemente;

7.16/...

A6 ELEKTRISITEIT

(a) dat indien hierdie hersonering veroorsaak dat enige elektriese dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;

A7 LANDSKAPERING

(a) dat ‘n landskaperingsplan vir die op-perseel gedeeltes en langs Buitenkantstraat aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir oorweging voorgelê word;

(b) dat die keuse van bome en struike in oorleg met die hoof van parke van Munisipaliteit Swartland besluit word;

(c) dat die aanplant van bome en struike gelyktydig met die voorsiening van op-perseel parkering geskied;

A8 ALGEMEEN

(a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees.

7.17 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ‘N GEDEELTE VAN GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS GOEDGEDACHT NO 1064, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15) (WYK 12)

‘n Aansoek is ontvang namens *Goedgedacht Trust* vir die hersonering van ‘n gedeelte (groot ±664m²) van gedeelte 1 van die Plaas Goedgedacht No 1064, Afdeling Malmesbury vanaf landbousone I na institusionele sone I ten einde ‘n onderrigplek (jeugsentrum) op te rig.

‘n Soortgelyke aansoek is in 2008 ingedien, maar het die *Goedgedacht Trust* nie oor voldoende fondse beskik om die fasiliteit te vestig nie en het die grondregte verval. Befondsing is nou vanaf die Lotto ontvang en kan daar dus voortgegaan word met die ontwikkeling.

BESLUIT

Dat die aansoek om hersonering van ‘n gedeelte (groot ±664m²) van gedeelte 1 van die plaas Goedgedacht no 1064, Afdeling Malmesbury ingevolge Artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbousone I na institusionele sone I vir die vestiging van ‘n onderrigplek (jeugsentrum) toegestaan word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

A2 WATER

(a) dat geen munisipale drinkwater beskikbaar is nie;

A3 RIOOL

(a) dat riooldienste slegs deur middel van ‘n suigtenkvragmotor voorsien kan word;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat daar skriftelik aansoek gedoen word by Swartland Munisipaliteit indien daar gebruik gemaak wil word van enige van die stortingsterreine binne die munisipale gebied;

A5 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

7.17/...

(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

A6 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) dat ingevolge artikel 9 van Wet 21 van 1940 is daar ‘n 95m boubeperkingslyn langs Afdelingspad 1153;

(b) dat ingevolge artikel 17 van Ordonannsie 19 van 1976 is daar ‘n 5m statutêre boulyn langs Afdelingspad 1153;

(c) dat die parkering op die perseel voorsien moet word in terme van Tabel 8.8.2 van die “Road Access Guidelines” van die Departement van Vervoer en Openbare Werke;

(d) dat geen bestaande toegange verander mag word of enige nuwe ingange geskep word sonder die goedkeuring van die Departement van Vervoer en Openbare Werke nie;

A7 ALGEMEEN

(a) dat geen besoedeling van oppervlak water of grondwaterbronne deur die aktiwiteite op die betrokke eiendom mag plaasvind nie en dat beheermaatreëls in plek gestel moet word om besoedeling te voorkom;

(b) dat gronderosie op die terrein ten alle tye voorkom word, naamlik voor, gedurende en na konstruksie aktiwiteite;

(c) dat alle toepaslike artikels en regulasies van die Nasionale Water Wet, 1998 (Wet 36 van 1998) rakende watergebruik nagekom word in oorleg met die Departement van Waterwese.

7.18 VOORGESTELDE WYSIGING AAN DIE BELEID TEN OPSIGTE VAN WATERLEKKASIES (5/8/B)

Die besluit om krediet te gee aan verbruikers ten opsigte van waterverbruik wat aan onsigbare waterlekkasies te wyte is, is reeds in Mei 2006 as beleid aanvaar.

Die Direkteur: Finansiële Dienste doen aan die hand dat die beleid uitgebrei word om ook voorsiening te maak vir lekkasies veroorsaak deur, bv. sprinkelbesproeiing (klep wat vashaak), swembad krake en -barste, warmwatersilinders, buite toilette, ensovoorts, maar dat versoeke van hierdie aard slegs elke twee jaar per huishouding oorweeg sal word.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die beleid aangepas word om voorsiening te maak vir lekkasies wat veroorsaak word deur byvoorbeeld sprinkelbesproeiing, swembadkrake en -barste, warmwatersilinders, buite toilette, ensovoorts;

(b) Dat in die geval waar so ‘n tipe waterlekkasie sou plaasvind, die munisipaliteit slegs een aansoek per huishouding of besigheid binne ‘n tydperk van twee jaar sal oorweeg vir tegemoetkoming;

(c) Dat die krediet bereken word op die beginsels van die “standaard gemiddeld”;

(d) Dat die volgende omskrywing in die beleid ten opsigte van “standaard gemiddelde” aanvaar word, naamlik die gemiddelde verbruik van dieselfde drie maande van die voorafgaande jaar, uitgesluit die afwykingsmaand. Voordeel sal slegs toegestaan word vir ‘n tydperk van twee maande. Slegs ‘n afwyking van meer as 50% sal oorweeg word;

(e) Dat waar/....

7.18/...

(e) Dat waar statistiek nie beskikbaar is nie, die “standaard gemiddeld” bereken sal word op die verbruik van die voorafgaande drie maande, uitgesluit die afwykingsmaand. Voordeel sal slegs toegestaan word vir ‘n tydperk van twee maande. Slegs ‘n 50% afwyking sal oorweeg word;

(f) Dat waterlekkasies veroorsaak deur foutiewe sprinkelbesproeing, swembadkrake en -barste, warmwatersilinders, buite toilette, ondergronds, onder geboue, plaveisel, binne mure ens, slegs oorweeg sal word met die voorlegging van skriftelike bewyse deur ‘n erkende loodgieter of ‘n beëdigde verklaring;

(g) Dat kennis geneem word van die aansoek van die *Van Staden Familie Trust* wat reeds op 15 Maart 2011 ontvang is, en dat goedkeuring verleen word dat die aansoek ingevolge die nuwe beleid oorweeg word, weens die gebrek aan ‘n beleid op daardie stadium en aangesien geen verder aansoeke ontvang aan voormelde kriteria voldoen nie;

(h) Dat aangesien besighede se waterverbruik nie volgens ‘n glyskaal bereken word nie, krediete bereken sal word volgens die toepaslike besigheidstarief verreken teen die Weskus Distriksmunisipaliteit se tarief vir daardie betrokke finansiële jaar plus 50%.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER